

29 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 39:1-23
Fokusgedeelte: Genesis 39:8, 9, 23

Gebruik jou vryheid in diens van God en Hy sal jou seën

In die fokusgedeelte lees ons dat Josef baie vryheid en gesag gehad het. Hy is met alles vertrou in Potifar se huis. Hy sou kon dus besluit het om aan Potifar se vrou se versoek toe te gee. Al wat hom weerhou het is sy agting vir God en sy gevolglike gehoorsaamheid. Dit het hom egter duur te staan gekom, omdat hy onskuldig in die tronk gegooi is. God het hom egter weer in eer herstel. Hierin is Josef 'n tipe van Christus.

In Galasiërs 5:13 hoor ons dat ons tot vryheid geroep is, maar dit nooit mag misbruik om te sondig nie. Christus het ons vrygemaak toe Hy onskuldig aan die kruis vir ons gesterf het. Dit gee ons gesag en ook verantwoordelikheid. Daarom moet ons teen alle versoekings stry, nie omdat ons vir die nagevolge of straf bang is nie, maar omdat ons uit respek vir Jesus, nie teen Hom wil sondig nie. In hierdie gehoorsaamheid sal Hy ons herstel, al word ons ook deur die wêreld verontreg.

Sing: Psalm 103:3, 9

Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)